LAERSKOOL MIKRO

… waar kind nog kind kan wees …

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

15 Maart 2022

LAERSKOOL MIKRO NASORG

INLIGTINGSBRIEF

Mikro se nuwe nasorg open sy deure op 5 April 2022. Klasse word ingedeel na gelang van getalle en grade. Daar word gepoog om nie meer as 25 leerders per klas te akkommodeer nie. Die speelarea sal die gr. 4 -vierkant wees sodat leerders onder toesig kan speel, apart van sportbedrywighede. Die vierkant bied genoegsame sekuriteit en is in die proses om opgeknap te word om `n meer kindervriendelike omgewing te skep.

Me. Christel Whitebooi is aangestel as nasorgbestuurder. Sy sal ook toesighouer van een van die groepe wees. Sy het baie ervaring daarin om met laerskoolkinders te werk en het ondervinding in finansiële bestuur en is administratief bekwaam.

Toesighouers, sal die leerders in die middae met huiswerk help. `n Nasorg-skoonmaker is ook aangestel om klasse en toilette skoon te hou.

BYWONING:

1. Op hierdie stadium maak ons nie daarvoor voorsiening dat ‘n kind slegs vir sekere dae in ‘n week, in die nasorg ingeskryf kan word nie. Dit mag moontlik in die toekoms verander.

2. Die nasorg sal alle vakansies, **behalwe die Desember-skoolvakansie,** oop wees @ R70 per leerder/dag ekstra. Die nasorg sal op openbare vakansiedae gesluit wees.

URE EN TOEGANG:

- Gr. R – 2: 13:00 tot 18:00
- Graad 3: 13:00 tot 18:00(kort dae)
- Graad 3: 14:15 tot 18:00(lang dae)
- Gr. 4 – 7: 13:00 tot 18:00
- Dinsdae: Alle grade: 13:00 – 18:00

Nasorgouers sal toegang kry deur die Gr. R-draaihek voor die skool. Streng toegangsbeheer en uitteken van leerders sal van toepassing wees.

KOSTES:

1. Kostes vir die nasorg is streng vooruitbetaalbaar en beloop R1 200/maand (12 paaiemente, Januarie tot Desember) per kind.
2. Hierdie kostes sluit `n peuselhappie vir middagete in. Sien onderstaande spyskaart.

WYSE VAN BETALING:

1. EFT in die skool se rekening met verwysing (N-Familiekode). Die skool se bankbesonderhede is: Laerskool Mikro, ABSA Tjekreknommer 1006242380, Takkode 63-2005.
2. Kontant of kaart by die skool se sekretaresse.

BUSVERVOER:(teen `n ekstra tarief)

1. Busvervoer vanaf Checkers, Boulevard Square, Brackenfell en terug, sal soggens om 07:00 en namiddae om 17:30 beskikbaar wees.

SPYSKAART: PEUSELHAPPIES

1. Hier is voorbeelde van die peuselhappies wat u kind(ers) elke middag as middagete sal ontvang:

MAANDAG	1	Klein worsrolletjie	
	1	Muffin	
	1	Cappy sappie 250ml	
	1	JC ysie	
DINSDAG	2	Klein pizza (ham & kaas)	
	1	Cappy sappie 250ml	
	1	Bruintjie	
	1	JC ysie	
WOENSDAG	1	Sny melktert	
	1	Water	
	1	Klein worsrolletjie	
DONDERDAG	1	Klein hoender & mayo wrap	
	1	Joghurt 100g	
	1	Pakkie vars springmielies	
VRYDAG	1	Klein ham & kaas pita	Hierdie sal elke Vrydag roteer word
	1	Klein Barone sjokolade	
	1	Fritos	
	1	JC ysie	
		OF	
	1	"Hot Dog"	
	1	Klein sjokolade	
	1	Fritos	
	1	JC Ysie	
		OF	
	1	"Chip Roll"	
	1	Niknaks / Flyers	
	1	JC Ysie	
	1	Smarties	

Kontak gerus die skool vir verdere inligting.

Ons vertrou dat Mikro se nasorg `n positiewe aanwins vir ons Mikro-familie sal wees.

Vriendelike groete

L. Mouton
SKOOLHOOF